



John Derek Watt

gebore 18 Mei 1982 oorlede 28 April 2003
Deur Jeanne Watt, geskryf in Februarie 2011

Ons geliefde en enigste seun John, ons jongste kind en boeta van sy twee ouer sussies, het 'n paar weke voor sy 21ste verjaardag sy eie lewe geneem. lewers langs die pad het 'n sluimerende siekte en vyand van die mens hom in 'n doolhof van somber gedagtes en seer gange weggelei van ons af. In 'n oogwink (of was dit veel, veel langer?) het hy besluit dat hy nie meer kans sien vir sy reis op aarde nie. Die donkerheid en ellende het hom oorval en oorweldig. Alles was vir hom net *te* seer, *te* ingewikkeld en het die las vir hom net *te* verskriklik swaar geword. John se hart was *te* sag en *te* sensitief vir die pyn en ellendes van hierdie lewe.

Hy was ons 'gentleman', die een wat *altyd* omgee het; hetsy dit 'n rondloperbrak of 'n mens in nood was. Hy was die een wat altyd 'n oop hart gehad het vir enige siel wat 'n helpende hand nodig gehad het. Stil-stil en sonder trompetgeskal het hy sy deel gedoen waar hy kon. Sy sagte, skewe glimlag en blou-groen oë het sy empatiese hart en sy sensitiewe innerlike weerspieël...dit is wie ons '*John-seun*' was.

As gesin is ons vir altyd geraak deur John se heengaan. Ons mis hom steeds tot vandag toe nog – byna agt jaar later. Sy lewe *was* en *is* steeds 'n integrale deel van ons wesens. Niks kan ons ontnem van sy liefdevolle herrinneringe nie en dit is vir ons oneindig kosbaar. Die kuiers om die kampvuur... die saamwees en stilte op Oesterbaai... sy liefde vir sy gesin... sy omgee vir sy vriende en medemense. Deur

God se Genade en hierdie herinneringe kan ons vandag weer met dankbaarheid voortstap elke dag.

Na die aanvanklike skok en verlies was die lewe vir ons as gesin duister en ondraaglik seer. Skielik was ons weerloos, blootgestel en sonder beskutting. Die verlies van ons kind, die skok en die trauma wat ons te beurt geval het was net te veel. Ons was totaal blind, verlam en koersloos in ons pyn gelaat. Vir eers kon ons maar net bly lê in die somber en donker modderpoel van die moeras waarin ons ons bevind het. Die pad vorentoe was bestrooi met 'n woesteny van reuse-rotse en klippe wat ons struikelend en strompelend moes oorkom. Daar was geen ander uitweg nie – ons moes voortbeur. Gaandeweg het ons kruip-kruip, oomblik vir oomblik en uur vir uur probeer aangaan. Langsamerhand kon ons weer vir kort rukkies strompelend poog om op te staan. Nog later kon ons stap-stap die moeisame tog aanpak. Dit was 'n lang, moeilike en onherbergsame reis. Soms het ons weer eens geval en uit pure magteloosheid het ons sommer in ons onbeholpenheid net daar bly lê, maar deur God se Genade en mensehand is ons weer opgetel. Dan is ons stukkende siele en emosies afgestof om uit die donker na die lig gehelp te word. So kon ons weer aangaan en het ons reis mettertyd *makliker* geraak. Die rotse en klippe op die pad het kleiner geword en ons siel- en geestesspiere sterker.

Met hierdie hartseer reis moes elke lid van ons gesin byna 'n nuwe identiteit of 'n *self* ontwikkel en groei om so ons verlies te oorkom. Ons moes *beter* en *sterker* anderkant uitkom. Vandag kan ons as gesin mekaar liefhê en elke dag koester, want met John se heengaan het ons besef hoe onberekenbaar kosbaar 'n menselewe is. Nou kan ons terugkyk en ten spyte van ons gemis sê: “*God IS Goed en Hy was daar, die hele tyd lank*” en ook: “*John-seun, ons mis jou en jou stille liefde steeds elke dag.*”

“What we call the beginning is often the end.

To make an end is to make a beginning.

The end is where we start from.”

- T.S. Eliot

Jeanne Watt (Ma)

(epos: jeanne@rokkon.co.za)

